education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# EKSAMENRIGLYNE

## GRAAD 12

## LETTERKUNDE

## VRAESTEL 2: HUISTAAL EN EERSTE ADDISIONELE TAAL

## EN

## VRAESTEL 1: AFDELING D: TWEEDE ADDISIONELE TAAL

**Hierdie riglyn bestaan uit 27 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding

2. Doel

3. Huistaal
   - 3.1 Formaat van die vraestel
   - 3.2 Struktuur van die vraestel
     - 3.2.1 Voorblad
     - 3.2.2 Instruksies/opdragte en inligtingsbladsy
     - 3.2.3 Inhoudsopgawe
     - 3.2.4 Opdragte/instruksies vir elke afdeling
     - 3.2.5 Vrae
     - 3.2.6 Kontrolelys.

4. Eerste Addisionele Taal
   - 4.1 Formaat van die vraestel
   - 4.2 Struktuur van die vraestel
     - 4.2.1 Voorblad
     - 4.2.2 Instruksies/opdragte en inligtingblad
     - 4.2.3 Inhoudsopgawe
     - 4.2.4 Instruksies/opdragte vir elke afdeling
     - 4.2.5 Vrae
     - 4.2.6 Kontrolelys.

5. Tweede Addisionele Taal

6. Nasienriglyne

7. Rubrieke
   - 7.1 Huistaal
     - 7.1.1 Rubriek vir die nasien van poësie-opstel
     - 7.1.2 Rubriek vir die nasien van literêre opstel
   - 7.2 Eerste Addisionele Taal
     Rubriek vir die nasien van die prosa-opstelvraag

8. Tipe vrae en kognitiewe vlakke.

Aanhangsel A: Assessering in Tale

**1. INLEIDING:**

Hierdie riglyne moet in ooreenstemming met die volgende beleidsdokumente gelees word (wat beskikbaar is by skole, distrikskantore en op die webblad – www.education.gov.za/www.thutong.org.za):

- *National Protocol on Assessment*
- *Nasionale Kurrikulumverklaring*
- *Vakassesseringsriglyne (Januarie 2008).*
- Omsendbrief S4 van 2008
- Omsendbrief S5 van 2008 (aangeheg)

**2. DOEL:**

Die doel van hierdie riglyne is om die opstel van vraestelle in al elf amptelike tale te standaardiseer ten opsigte van:

- Getal afdelings
- Tipe vrae en verskillende vlakke van die vrae
- Puntetoekenning
- Nasienmemorandums/assesseringsrubrieke.

**3. HUISTAAL**

**3.1 Formaat van die vraestel**

**Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **Gedigte** | **(30 punte)** |
| **AFDELING B:** | **Roman** | **(25 punte)** |
| **AFDELING C:** | **Drama** | **(25 punte)** |

**Daar word van die kandidate verwag om VYF vrae soos volg vir 80 punte te beantwoord:**

**AFDELING A: GEDIGTE**

**LET WEL: Verwys na omsendbrief S4 en S5 vir die lys voorgeskrewe gedigte.**

Vrae word gevra oor ENIGE VIER van die voorgeskrewe gedigte en oor EEN ongesiene gedig. Die kandidate moet die vrae oor ENIGE TWEE van die voorgeskrewe gedigte <u>EN</u> EEN vraag oor die ongesiene gedig beantwoord. Die vrae oor die voorgeskrewe gedigte word eerste gevra en daarna die vrae oor die ongesiene gedig.

LET WEL: Die ongesiene gedig is VERPLIGTEND.

Verwys na tabelle 1 en 2 hieronder.

| **<u>VOORGESKREWE GEDIGTE:</u>**<br><br>**BEANTWOORD ENIGE <u>TWEE</u> VRAE:** | | |
|---|---|---|
| Vraag 1 | Opstelvraag | 10 punte |
| **OF** | | |
| Vraag 2 | Konteksvraag | 10 punte |
| **OF** | | |
| Vraag 3 | Konteksvraag | 10 punte |
| **OF** | | |
| Vraag 4 | Konteksvraag | 10 punte |

**Tabel 1**

**<u>EN</u>**

| **<u>ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND):</u>**<br><br>**BEANTWOORD <u>EEN</u> VRAAG:** | | |
|---|---|---|
| Vraag 5 | Opstelvraag | 10 punte |
| **OF** | | |
| Vraag 6 | Konteksvraag | 10 punte |

**Tabel 2**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**Lengte van opstelle:**

Disjunkte ortografie: 250-300 woorde
Konjunkte ortografie: 190-240 woorde

**Lengte van antwoorde vir konteksvrae:**

Die puntetoekenning behoort te dien as 'n riglyn vir die lengte van die verwagte antwoord.

## AFDELING B: ROMAN

**LET WEL: Verwys na omsendbrief S4 en S5 vir die lys voorgeskrewe romans.**

Die kandidate moet 'n keuse tussen OPSTEL- en KONTEKSVRAAG oor elke voorgeskrewe roman kry. Kandidate moet EEN vraag oor die roman wat hulle in die klas behandel het, beantwoord. As die kandidaat kies om die opstelvraag in hierdie afdeling te beantwoord en daarna moet die konteksvraag in afdeling C gedoen word en omgekeerd.

Verwys na tabel 3 hieronder.

| ROMAN:<br><br>BEANTWOORD OF DIE OPSTEL OF DIE KONTEKSVRAAG: | | |
|---|---|---|
| Vraag 7<br>(Voorgeskrewe prosawerk 1) | Opstelvraag | 25 punte |
| **OF** | | |
| Vraag 8<br>(Voorgeskrewe prosawerk 1) | Konteksvraag | 25 punte |
| **OF** | | |
| Vraag 9<br>(Voorgeskrewe prosawerk 2) | Opstelvraag | 25 punte |
| **OF** | | |
| Vraag 10<br>(Voorgeskrewe prosawerk 2) | Konteksvraag | 25 punte |
| **OF** | | |
| Vraag 11<br>(Voorgeskrewe prosawerk 3) | Opstelvraag | 25 punte |
| **OF** | | |
| Vraag 12<br>(Voorgeskrewe prosawerk 3) | Konteksvraag | 25 punte |

**Tabel 3**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**Lengte van opstelle:**

Disjunkte ortografie: 400-450 woorde
Konjunkte ortografie: 340-390 woorde

**Lengte van antwoorde vir konteksvrae:**

Die puntetoekenning behoort te dien as ŉ riglyn vir die lengte van die verwagte antwoord.

## AFDELING C: DRAMA

**LET WEL: Verwys na omsendbrief S4 en S5 vir die lys voorgeskrewe dramas.**

Die kandidate moet ŉ keuse tussen ŉ OPSTEL- en KONTEKSTVRAAG oor elke voorgeskrewe drama kry. Kandidate moet EEN vraag oor die drama wat hulle in die klas behandel het, beantwoord. As die kandidaat kies om die opstelvraag in hierdie afdeling te doen en daarna moet die konteksvraag in Afdeling B gedoen word en omgekeerd.

Verwys na tabel 4 hieronder.

| **DRAMA:**<br><br>**BEANTWOORD OF DIE OPSTEL OF DIE KONTEKSVRAAG:** | | |
|---|---|---|
| Vraag 13:<br>(Voorgeskrewe drama 1) | Opstelvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| Vraag 14:<br>(Voorgeskrewe drama 1) | Konteksvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| Vraag 15:<br>(Voorgeskrewe drama 2) | Opstelvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| Vraag 16:<br>(Voorgeskrewe drama 2) | Konteksvraag | 25 punte |

**Tabel 4**

**TOTAAL AFDELING C: 25**

**Lengte van opstelle:**

Disjunkte ortografie: 400-450 woorde
Konjunkte ortografie: 340-390 woorde

**Lengte van antwoorde vir konteksvrae:**

Die puntetoekenning behoort te dien as 'n riglyn vir die lengte van die verwagte antwoord.

**3.2 Struktuur van die vraestel:**

**Die vraestel sal uit die volgende bestaan: 'n voorblad, 'n voorskrifte en inligtingsbladsy, 'n inhoudsopgawe, voorskrifte/instruksies vir elke afdeling, die vrae en 'n kontrolelys.**

**3.2.1 Die voorblad**

Die voorblad behoort die volgende inligting te bevat:

Taal, vraestel, punte en tydsaanduiding.

### 3.2.2 Instruksies/opdragte en inligtingsbladsy

Hierdie bladsy moet die volgende inligting bevat:

- Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.
- Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees dan daarna hierdie vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen.
- Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:
  AFDELING A: Gedigte
  AFDELING B: Roman
  AFDELING C: Drama
- Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.
- Beantwoord VYF VRAE in totaal: 3 uit Afdeling A, 1 uit Afdeling B en 1 uit Afdeling C. Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.
- Nommer die antwoorde presies soos in die vraestel.
- Beantwoord elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Voorgestelde tydsindeling

  Afdeling A: ongeveer 40 minute

  Afdeling B: ongeveer 55 minute

  Afdeling C: ongeveer 55 minute

### 3.2.3 Inhoudsopgawe:

Hierdie bladsy sal die kandidate help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A: GEDIGTE**<br>**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae:** | | |
| **VRAAGNOMMER** | **VRAAG** | **PUNTE** |
| 1 (Titel van gedig) | Opstelvraag | 10 |
| **OF** | | |
| 2 (Titel van gedig) | Konteksvraag | 10 |
| **OF** | | |
| 3 (Titel van gedig) | Konteksvraag | 10 |
| **OF** | | |
| 4 (Titel van gedig) | Konteksvraag | 10 |
| **EN**<br>**Ongesiene gedig: Beantwoord ENIGE EEN vraag.** | | |
| 5 (Titel van gedig) | Opstelvraag<br>**OF** | 10 punte |
| 6 (Titel van gedig) | Konteksvraag | 10 punte |
| **AFDELING B: ROMAN**<br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | |
| 7 (Prosawerk titel 1) | Opstelvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| 8 (Prosawerk titel 1) | Konteksvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| 9 (Prosawerk titel 2) | Opstelvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| 10 (Prosawerk titel 2) | Konteksvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| 11 (Prosawerk titel 3) | Opstelvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| 12 (Prosawerk titel 3) | Konteksvraag | 25 punte |
| **AFDELING C: DRAMA**<br><br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | |
| 13 (Drama titel 1) | Opstelvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| 14 (Drama titel 1) | Konteksvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| 15 (Drama titel 2) | Opstelvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| 16 (Drama titel 2) | Konteksvraag | 25 punte |

***LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSVRAAG uit Afdeling B en C.**

### 3.2.4 Instruksies/opdragte vir elke vraag:

Die instruksies/opdragte aan die begin van elke afdeling moet die leerders lei oor die getal vrae wat hulle moet doen en die keuses wat hulle moet uitoefen.

### 3.2.5 Vrae:

Die kandidate moet ingelig word oor die lengte van die vrae wat van hulle verwag word. Die vier assesseringstandaarde van Leeruitkoms 2: Lees en Kyk moet in die vraestel geassesseer word.

**3.2.6 Kontrolelys**

'n Kontrolelys moet gegee word sodat die kandidate kan kontroleer of hulle al die vrae beantwoord het.

| **AFDELING** | **VRAAG-NOMMER** | **GETAL VRAE WAT BEANTWOORD MOET WORD.** | **MERK ✓** |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte (Voorgeskrewe Gedigte) | 1-4 | 2 | |
| A: Gedigte (Ongesiene Gedig) | 5-6 | 1 | |
| B: Roman (Opstel- of konteksvraag) | 7-12 | 1 | |
| C: Drama (Opstel- of konteksvraag) | 13-16 | 1 | |
| **LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKS-VRAAG uit Afdeling B en C.** | | | |

## 4. EERSTE ADDISIONELE TAAL

### 4.1 Formaat van die vraestel:

**Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **Roman** | **(35 punte)** |
| **AFDELING B:** | **Drama** | **(35 punte)** |
| **AFDELING C:** | **Kortverhale** | **(35 punte)** |
| **AFDELING D:** | **Gedigte** | **(35 punte)** |

Daar sal van die kandidate verwag word om **TWEE vrae uit ENIGE TWEE afdelings** soos volg te beantwoord ( EEN vraag oor elke genre wat in die klas behandel is) vir 70 punte.

**AFDELING A: ROMAN**

**LET WEL: Verwys na omsendbrief S4 en S5 vir die lys voorgeskrewe romans.**

Die kandidate het ŉ keuse tussen ŉ OPSTELVRAAG en ŉ KONTEKSVRAAG. Die kandidate moet ENIGE EEN vraag *oor die roman wat in die klas behandel is*, beantwoord. Sien Tabel 5 hieronder.

| **ROMAN:**<br><br>**BEANTWOORD OF DIE OPSTELVRAAG OF DIE KONTEKSVRAAG:** | | |
|---|---|---|
| Vraag 1<br>(Voorgeskrewe prosawerk 1) | Opstelvraag | 35 punte |
| | **OF** | |
| Vraag 2<br>(Voorgeskrewe prosawerk 1) | Konteksvraag | 35 punte |
| | **OF** | |
| Vraag 3:<br>(Voorgeskrewe prosawerk 2) | Opstelvraag | 35 punte |
| | **OF** | |
| Vraag 4:<br>(Voorgeskrewe prosawerk 2) | Konteksvraag | 35 punte |
| | **OF** | |
| Vraag 5:<br>(Voorgeskrewe prosawerk 3) | Opstelvraag | 35 punte |
| | **OF** | |
| Vraag 6:<br>(Voorgeskrewe prosawerk 3 ) | Konteksvraag | 35 punte |

Tabel 5

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**Lengte van opstelle:**

Disjunkte ortografie: 250-300 woorde
Konjunkte ortografie: 190-240 woorde

**Lengte van die antwoorde vir konteksvrae:**

Die puntetoekenning behoort te dien as ŉ riglyn vir die lengte van die verwagte antwoord.

**OF**

## AFDELING B: DRAMA

**LET WEL: Verwys na S4 en S5 vir die lys voorgeskrewe dramas.**

Die kandidate het ŉ keuse tussen ŉ OPSTELVRAAG en ŉ KONTEKSVRAAG. Die kandidate moet ENIGE EEN vraag *oor die drama wat in die klas behandel is*, beantwoord. Sien Tabel 6 hieronder.

| **DRAMA:**<br><br>**Beantwoord ENIGE EEN vraag:** | | |
|---|---|---|
| Vraag 7<br>(Voorgeskrewe drama 1) | Opstelvraag | 35 punte |
| **OF** | | |
| Vraag 8<br>(Voorgeskrewe drama 1) | Konteksvraag | 35 punte |
| **OF** | | |
| Vraag 9<br>(Voorgeskrewe drama 2) | Opstelvraag | 35 punte |
| **OF** | | |
| Vraag 10<br>(Voorgeskrewe drama 2) | Konteksvraag | 35 punte |

**Tabel 6**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

**Lengte van opstelle:**

Disjunkte ortografie: 250-300 woorde
Konjunkte ortografie: 190-240 woorde

**Lengte van antwoorde vir kontekstuele vrae:**

Die puntetoekenning behoort te dien as ŉ riglyn vir die lengte van die verwagte antwoord.

**OF**

## AFDELING C: KORTVERHALE

**LET WEL: Verwys na omsendbrief S4 en S5 vir die lys voorgeskrewe kortverhale.**

Die kandidate het ŉ keuse tussen ŉ OPSTELVRAAG en ŉ KONTEKSVRAAG. Die kandidate moet ENIGE EEN vraag *oor die kortverhale wat in die klas behandel is*, beantwoord. Sien Tabel 7 hieronder.

| **KORTVERHALE:**<br><br>**Beantwoord ENIGE EEN vraag:** | | |
|---|---|---|
| Vraag 11<br>(Voorgeskrewe kortverhaal 1) | Opstelvraag | 35 punte |
| **OF** | | |
| Vraag 12<br>(Voorgeskrewe kortverhaal 2) | Konteksvraag | 35 punte |

**Tabel 7**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

**Lengte van opstelle:**

Disjunkte ortografie: 250-300 woorde
Konjunkte ortografie: 190-240 woorde

**Lengte van antwoorde vir konteksvrae:**
Die puntetoekenning behoort te dien as ŉ riglyn vir die lengte van die verwagte antwoord.

**OF**

## AFDELING D: GEDIGTE

**LET WEL: Verwys na omsendbrief S4 en S5 vir die lys voorgeskrewe gedigte.**

Die kandidate het ŉ keuse tussen ŉ OPSTELVRAAG en ŉ KONTEKSVRAAG. Die kandidate moet ENIGE EEN vraag *oor die kortverhale wat in die klas behandel is*, beantwoord. Sien Tabel 7 hieronder.

Vrae word oor VIER voorgeskrewe gedigte gevra. Die kandidate moet vrae oor ENIGE TWEE voorgeskrewe gedigte beantwoord. Sien Tabel 8 hieronder.

| **GEDIGTE:**<br><br>**Beantwoord ENIGE TWEE vrae:** | | |
|---|---|---|
| Vraag 13<br>(Voorgeskrewe gedig 1) | Konteksvraag | 17½ punte |
| | **OF** | |
| Vraag 14<br>(Voorgeskrewe gedig 2) | Konteksvraag | 17½ punte |
| | **OF** | |
| Vraag 15<br>(Voorgeskrewe gedig 3) | Konteksvraag | 17½ punte |
| | **OF** | |
| Vraag 16<br>(Voorgeskrewe gedig 4) | Konteksvraag | 17½ punte |

**Tabel 8**

| **TOTAAL AFDELING C: 35** |
|---|

**Lengte van antwoorde vir kontekstuele vrae:**
Die puntetoekenning behoort te dien as ŉ riglyn vir die lengte van die verwagte antwoord.

### 4.2 Struktuur van die vraestel:

**Die vraestel sal uit die volgende bestaan: ’n Voorblad, voorskrifte en inligtingsbladsy, ’n inhoudsopgawe, voorskrifte/instruksies vir elke afdeling, die vrae en ’n kontrolelys.**

#### 4.2.1 Die voorblad

Die voorblad behoort die volgende inligting te bevat:

Taal, vraestel, punte en tydsaanduiding

### 4.2.2 Instruksies/opdragte en inligtingsbladsy

Hierdie bladsy moet die volgende inligting bevat:

- Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.
- Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie.  Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het.  Lees dan daarna hierdie vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen.
- Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:
  AFDELING A:  Roman
  AFDELING B:  Drama
  AFDELING C:  Kortverhale
  AFDELING D:  Gedigte
- Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.
- Beantwoord TWEE vrae.  EEN vraag uit ENIGE TWEE afdelings. Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.
- Nommer die antwoorde presies soos in die vraestel.
- Beantwoord elke afdeling op ŉ NUWE bladsy.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Voorgestelde tydsindeling: ongeveer 60 minute per afdeling/vraag.

### 4.2.3 Inhoudsopgawe:

Hierdie bladsy sal die kandidate help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.

| **AFDELING A: ROMAN**<br>**Beantwoord ENIGE EEN vraag:** | | |
|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **VRAAG** | **PUNTE** |
| 1 (Roman 1 titel) | Opstelvraag | 35 |
| | **OF** | |
| 2 (Roman 1 titel) | Konteksvraag | 35 |
| | **OF** | |
| 3 (Roman 2 titel) | Opstelvraag | 35 |
| | **OF** | |
| 4 (Roman 2 titel) | Konteksvraag | 35 |
| | **OF** | |
| 5 (Roman 3 titel) | Opstelvraag | 35 |
| | **OF** | |
| 6 (Roman 3 titel) | Konteksvraag | 35 |
| | **OF** | |
| **AFDELING B: DRAMA**<br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | |
| 7 (Drama 1 titel) | Opstelvraag | 35 |
| | **OF** | |
| 8 (Drama 1 titel) | Konteksvraag | 35 |
| | **OF** | |
| 9 (Drama 2 titel) | Opstelvraag | 35 |
| | **OF** | |
| 10 (Drama 2 titel) | Konteksvraag | 35 |
| | **OF** | |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br>**Beantwoord ENIGE EEN vraag.** | | |
| 11 (Kortverhaal 1 titel) | Opstelvraag | 35 |
| | **OF** | |
| 12 (Kortverhaal 2 titel) | Konteksvraag | 35 |
| | **OF** | |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br>**Beantwoord ENIGE TWEE vrae.** | | |
| 13 (Gedig titel 1) | Konteksvraagvraag | 17½ |
| | **OF** | |
| 14 (Gedig titel 2) | Konteksvraag | 17½ |
| | **OF** | |
| 15 (Gedig titel 3) | Konteksvraag | 17½ |
| | **OF** | |
| 16 (Gedig titel 4) | Konteksvraag | 17½ |

### 4.2.4 Opdragte/Instruksies vir elke vraag:

Die opdragte/instruksies aan die begin van elke afdeling moet die leerders lei oor die getal vrae wat hulle moet doen en die keuses wat hulle moet uitoefen.

### 4.2.5 Vrae:

Die kandidate moet ingelig word oor die lengte van die vrae wat van hulle verwag word. Die vier assesseringstandaarde van Leeruitkoms 2: Lees en Kyk moet in die vraestel geassesseer word.

### 4.2.6 Kontrolelys

'n Kontrolelys moet gegee word sodat die kandidate kan kontroleer of hulle al die vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE WAT BEANTWOORD MOET WORD. | MERK ✓ |
|---|---|---|---|
| A: Roman (Opstel- OF konteksvraag) | 1-6 | 1 | |
| B: Drama (Opstel- OF konteksvraag) | 7-10 | 1 | |
| C: Kortverhale (Opstel- OF konteksvraag) | 11-12 | 1 | |
| D: Gedigte (Opstel- OF konteksvraag) | 13-16 | 2 | |

## 5. TWEEDE ADDISIONELE TAAL

In Tweede Addisionele Taal word letterkunde in Afdeling D van vraestel 1 geassesseer en dit tel 20 punte. Die lengte van vraestel 1 is 2 ½ uur. Daar is TWEE vrae in afdeling D en die kandidate moet ENIGE EEN konteksvraag beantwoord. KONTEKSVRAE word opgestel oor uittreksels van TWEE verskillende kortverhale. Die kandidaat moet ongeveer 40 minute aan die afdeling bestee.

| **AFDELING D: LETTERKUNDE<br>Beantwoord EEN vraag.** | | |
|---|---|---|
| Vraag 1 (Titel van kortverhaal 1) | Konteksvraag | 20 punte |
| **OF** | | |
| Vraag 2 (Titel van kortverhaal 2) | Konteksvraag | 20 punte |

**Tabel 9**

## 6. NASIENRIGLYNE

- As 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. (Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)
- As 'n kandidaat in Afdeling A (Huistaal en Eerste Addisionele Taal) al vier vrae oor die gesiene gedigte gedoen het, word die eerste twee gedigte se vrae nagesien.
- As 'n kandidaat in Afdeling B en C (Huistaal) twee konteksvrae of twee opstelvrae gedoen het, word die eerste vraag nagesien en die **tweede vraag word geignoreer**. As 'n kandidaat al vier die vrae in Afdeling B en C beantwoord het, word die eerste vraag in elke afdeling nagesien mits een konteksvraag en een opstelvraag beantwoord is.
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en **die tweede antwoord word geïgnoreer.**
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
- Opstelvraag: As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer omdat hy/sy, hom/haar self gepenaliseer het. As die opstel te lank is, laat 'n oorskreiding van 'n maksimum van 50 woorde (disjunkte ortografie) en 30 woorde (konjunkte ortografie) toe en **ignoreer die res van die opstel**.

  Konteksvrae: As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word **nie gepenaliseer nie**.

# 7. RUBRIEKE

## 7.1 HUISTALE

### 7.1.1 RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR GEDIGTE

| **RUBRIEK VIR DIE ASSESSERING VAN DIE POËSIE OPSTEL**<br><br>**HUISTAAL**<br><br>**10 PUNTE** | **TAAL**<br>Struktuur, logiese, vloei en aanbieding. Taal toon en styl wat in opstel gebruik word.. | - Baie goeie koherente struktuur.<br>- Uitstekende inleiding en samevatting.<br>- Argumente goed gestruktureerd en ontwikkeling is duidelik.<br>- Taal, toon en styl volwasse, treffend en korrek. | - Opstel goed gestruktureer.<br>- Goeie inleiding en samevatting.<br>- Maklik om argumente en gedagtegang te volg.<br>- Taal, toon en styl korrek en toepaslik vir doel.<br>- Goeie aanbieding | - Duidelike struktuur & logiese vloei van argumente.<br>- Inleiding, samevatting en ander paragrawe koherent georganiseer.<br>- Kan vloei van argumente volg.<br>- Taal, toon en styl grootliks korrek. | - Sommige bewyse van stryktuur.<br>- Opstel toon gebrek aan struktuur, logika en koherensie.<br>- Minimale taalfoute, toon en styl meestal van toepassing. Paragrafering meestal korrek. | - Bewyse dat struktuur swak beplan is.<br>- Argumente nie logies gerangskik nie.<br>- Taalfoute is sigbaar. Toon en styl nie toepaslik vir die doel van teks nie.<br>- Paragrafering gebrekkig. | - Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed vloei van argumente.<br>- Taalfoute en verkeerde styl veroorsaak onsuksesvolle skryfstuk. Toon en styl nie toepaslik vir doel van teks.<br>- Paragrafering verkeerd. | - Moeilik om te bepaal of onderwerp aangespreek is.<br>- Geen bewyse van beplanning of logiese uiteensetting nie.<br>- Taal is swak. Verkeerde taal en styl.<br>- Paragrafering nie korrek, koherensie ontbreek. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **IN HOUD**<br>Interpretasie van onderwerp. Diepte van argumente, verantwoording en beheersing van gedig | | **7**<br>**80 – 100%** | **6**<br>**70 – 79%** | **5**<br>**60 – 69%** | **4**<br>**50 – 59%** | **3**<br>**40 – 49%** | **2**<br>**30 – 39%** | **1**<br>**0 – 29%** |
| - In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte ten volle verken.<br>- Uitstaande respons: 90%+. Uitstekende respons: 80 – 89%<br>- Reeks treffende en uitgebreide argumente wat uit gedig ondersteun word.<br>- Genre en gedig word uitstekend verstaan. | **7**<br>**80 – 100%** | **8 – 10** | **7 – 7 ½** | **7 – 8** | | | | |
| - Bo gemiddelde interpretasie van onderwerp, alle aspekte bevredigend verken.<br>- Uitgebreide respons.<br>- Reeks sterk argumente wat uit gedig ondersteun word.<br>- Genre en gedig word baie goed verstaan<br>- | **6**<br>**70 – 79%** | **7 ½ – 8 ½** | **7 – 8** | **6 ½ - 7 ½** | **6 – 7** | | | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| - Verstaan gedig en interpretasie van onderwerp goed.<br>- Redelike uitgebreide respons.<br>- Sterk argumente word gegee, maar dit is nie altyd goed gemotiveer nie.<br>- Genre en gedig word verstaan. | **5**<br>**60 – 69%** | **7 – 8** | **6 ½ - 7 ½** | **6 – 7** | **5 ½ - 6 ½** | **5 – 6** | | |
| - Redelike interpretasie van onderwerp, nie alle aspekte in gedig verken nie.<br>- Etlike goeie argumente ter ondersteuning van onderwerp.<br>- Meeste argumente ondersteun onderwerp, maar bewyse is nie oortuigend.<br>- Genre en gedig word basies verstaan. | **4**<br>**50 – 59%** | | **6 – 7** | **5 ½ - 6 ½** | **5 – 6** | **4 ½ - 5 ½** | **4 – 5** | |
| - Baie alledaagse, middelmatige poging om vraag te beantwoord.<br>- Baie min diepte in die begrip van en tydens die respons op onderwerp.<br>- Argumente nie oortuigend en baie min bewyse uit gedig.<br>- Leerder het nie volle begrip van genre en gedig nie. | **3**<br>**40 – 49%** | | | **5 – 6** | **4 ½ - 5 ½** | **4 – 5** | **3 ½ - 4 ½** | **3 – 4** |
| - Swak begrip van onderwerp.<br>- Respons word herhaal en dit is soms nie ter sake nie.<br>- Geen diepte in argumentering nie, interpretasie verkeerd, ondersteunende argumente nie verantwoordbaar uit gedig nie.<br>- Baie swak begrip van genre en gedig. | **2**<br>**30 – 39%** | | | | **4 – 5** | **3 ½ - 4 ½** | **3 – 4** | **1 – 3 ½** |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| - Respons soms in verhouding met onderwerp, moeilik om argumente te volg of dit is nie van toepassing nie.<br>- Swak poging om vraag te beantwoord. Paar relevante argumente wat gegee is, is nie verantwoordbaar uit gedig nie.<br>- Baie swak begrip van genre en gedig. | **1<br>0 – 29%** | | | | | **3 – 4** | **1 – 3 ½** | **0 – 3** |

## 7.1.2 RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DIE DRAMA
**Let op die verskil in die puntetoekenning vir inhoud versus struktuur en taal**

| **KODES EN PUNTETOEKENNING** | | **INHOUD [15]**<br>**Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente, verantwoording en begrip van die voorgeskrewe werk.** | | **STRUKTUUR EN TAAL [10]**<br>**Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel.** |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| ***Kode 7***<br>**A**<br>**80 - 100%** | Uitmuntend<br>**12 tot 15 punte** | In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte van die onderwerp is ten volle nagevors.<br>Uitstekende reaksie. (90+, uitmuntende reaksie)<br>Reeks pakkende argumente, uitgebreid; ondersteun uit die teks.<br>Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks. | Uitmuntend<br>**08 - 10 punte** | Samehangende en gestruktureerde opstel.<br>Uitstekende inleiding en afsluiting.<br>Argumente si goed gestruktureerd en duidelik ontwikkel.<br>Taal, toon en styl is gevorderd, treffend en korrek. |
| ***Kode 6***<br>**B**<br>**70 - 79%** | Verdiensteli k<br>**11 punte** | Bo-gemiddelde interpretasie van onderwerp. Alle aspekte van die onderwerp is geskik nagevors.<br>Gedetailleerde reaksie.<br>Reeks grondige argumente is gegee, goed ondersteun uit teks.<br>Baie goeie begrip van genre en teks. | Verdienstelik<br>**07 punte** | Opstel is goed gestruktureerd<br>Goeie inleiding en afsluiting.<br>Argumente en gedagtelyn is maklik om te volg.<br>Taal, toon en stylis korrek en gepas vir die doel.<br>Goeie aanbieding. |
| ***Kode 5***<br>**C**<br>**60 – 69%** | Beduidend<br>**09 of 10 punte** | Toon begrip en het onderwerp goed geïnterpreteer.<br>Taamlik gedetailleerde reaksie op die onderwerp.<br>Sommige grondige argumente is gegee, maar nie almal is baie goed gemotiveer nie.<br>Begrip van genre en teks duidelik. | Beduidend<br>**06 punte** | Duidelike struktuur en logiese vloei van argumente.<br>Inleiding, afsluiting en ander paragrawe is samehangend georganiseer. (koherensie)<br>Vloei van argumente kan gevolg word.<br>Taal, toon en styl is grootliks korrek. |
| ***Kode 4***<br>**D**<br>**50 – 59%** | Voldoende<br>**08 punte** | Taamlike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte is in detail nagevors nie.<br>Sommige goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp.<br>Meeste argumente is ondersteunend, maar bewyse is nie altyd oortuigend nie.<br>Basiese begrip van genre en teks. | Voldoende<br>**05 punte** | Geringe bewyse van struktuur.<br>Goed gestruktureerde en logiese vloei en samehang ontbreek.<br>Min taalfoute; toon en styl is meestal gepas.<br>Paragrawe is meestal korrek. |
| ***Kode 3***<br>**E**<br>**40 – 49%** | Matige<br>**06 of 07 punte** | Baie gewone en gemiddelde poging om die vraag te beantwoord.<br>Baie min diepte en begrip in reaksie op die onderwerp.<br>Argumente nie oortuigend nie en baie min verantwoording uit die teks.<br>Leerder het nie houvas en volle begrip van genre en teks nie. | Matige<br>**04 punte** | Beplanning van die struktuur is gebrekkig.<br>Argumente nie logies gerangskik nie.<br>Paragrawe is foutief.<br>Opvallende taalfoute. Toon en styl nie gepas vir die doel nie. |
| **Kode 2**<br>**F**<br>**30 – 39%** | Basiese<br>**05 punte** | Houvas op die onderwerp is swak.<br>Reageer herhalend en soms van die punt af.<br>Geen diepte in argumentering; verkeerde interpretasie / Argumente word nie verantwoord uit die teks nie.<br>Baie swak houvas op genre en teks. | Basiese<br>**03 punte** | Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed die vloei van die argumente.<br>Taalfoute en foutiewe styl maak opstel onsuksesvol. |
| ***Kode 1***<br>**F tot H**<br>**0 – 29%** | Ontoereiken d<br>**0 tot 5 punte** | Reaksie soms in verhouding met die onderwerp, maar dis moeilik om ontoepaslike argumente te volg.<br>Swak poging om vraag te beantwoord.<br>Min toepaslike punte met geen verantwoording uit die teks.<br>Baie swak houvas op genre en teks. | Ontoereiken d<br>**00 - 02 punte** | Moeilik om te bepaal of die onderwerp aangespreek word.<br>Geen bewyse van logiese beplanning nie.<br>Geen paragrawe en koherensie nie.<br>Swak taalgebruik. Verkeerde styl en toon. |

## 7.2 EERSTE ADDISIONELE TAAL
## RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG
## Let op die verskil in die puntetoekenning vir inhoud versus struktuur en taal

| **KODES EN PUNTETOEKENNING** | | **INHOUD [25]**<br>**Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente, verantwoording en begrip van die voorgeskrewe werk.** | | **STRUKTUUR EN TAAL [10]**<br>**Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel.** |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| ***Kode 7***<br>**A**<br>**80 - 100%** | Uitmuntend<br>**20 tot 25 punte** | In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte van die onderwerp is ten volle nagevors.<br>Uitstekende reaksie. (90+, uitmuntende reaksie)<br>Reeks pakkende argumente, uitgebreid; ondersteun uit die teks.<br>Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks. | Uitmuntend<br>**08 - 10 punte** | Samehangende en gestruktureerde opstel.<br>Uitstekende inleiding en afsluiting.<br>Argumente si goed gestruktureerd en duidelik ontwikkel.<br>Taal, toon en styl is gevorderd, treffend en korrek. |
| ***Kode 6***<br>**B**<br>**70 - 79%** | Verdiensteli k<br>**17½- 19½ punte** | Bo-gemiddelde interpretasie van onderwerp. Alle aspekte van die onderwerp is geskik nagevors.<br>Gedetailleerde reaksie.<br>Reeks grondige argumente is gegee, goed ondersteun uit teks.<br>Baie goeie begrip van genre en teks. | Verdienstelik<br>**7- 7½ punte** | Opstel is goed gestruktureerd<br>Goeie inleiding en afsluiting.<br>Argumente en gedagtelyn is maklik om te volg.<br>Taal, toon en stylis korrek en gepas vir die doel.<br>Goeie aanbieding. |
| ***Kode 5***<br>**C**<br>**60 – 69%** | Beduidend<br>**15-17 punte** | Toon begrip en het onderwerp goed geïnterpreteer.<br>Taamlik gedetailleerde reaksie op die onderwerp.<br>Sommige grondige argumente is gegee, maar nie almal is baie goed gemotiveer nie.<br>Begrip van genre en teks duidelik. | Beduidend<br>**6-6½ punte** | Duidelike struktuur en logiese vloei van argumente.<br>Inleiding, afsluiting en ander paragrawe is samehangend georganiseer. (koherensie)<br>Vloei van argumente kan gevolg word.<br>Taal, toon en styl is grootliks korrek. |
| ***Kode 4***<br>**D**<br>**50 – 59%** | Voldoende<br>**12½- 14½ punte** | Taamlike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte is in detail nagevors nie.<br>Sommige goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp.<br>Meeste argumente is ondersteunend, maar bewyse is nie altyd oortuigend nie.<br>Basiese begrip van genre en teks. | Voldoende<br>**5-5½ punte** | Geringe bewyse van struktuur.<br>Goed gestruktureerde en logiese vloei en samehang ontbreek.<br>Min taalfoute; toon en styl is meestal gepas.<br>Paragrawe is meestal korrek. |
| ***Kode 3***<br>**E**<br>**40 – 49%** | Matige<br>**10-12 punte** | Baie gewone en gemiddelde poging om die vraag te beantwoord.<br>Baie min diepte en begrip in reaksie op die onderwerp.<br>Argumente nie oortuigend nie en baie min verantwoording uit die teks.<br>Leerder het nie houvas en volle begrip van genre en teks nie. | Matige<br>**4-4½ punte** | Beplanning van die struktuur is gebrekkig.<br>Argumente nie logies gerangskik nie.<br>Paragrawe is foutief.<br>Opvallende taalfoute. Toon en styl nie gepas vir die doel nie. |
| **Kode 2**<br>**F**<br>**30 – 39%** | Basiese<br>**7½- 9½ punte** | Houvas op die onderwerp is swak.<br>Reageer herhalend en soms van die punt af.<br>Geen diepte in argumentering; verkeerde interpretasie / Argumente word nie verantwoord uit die teks nie.<br>Baie swak houvas op genre en teks. | Basiese<br>**3 - 3½ punte** | Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed die vloei van die argumente.<br>Taalfoute en foutiewe styl maak opstel onsuksesvol. |

Kopiereg voorbehou 

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Kode 1*** **F tot H** **0 – 29%** | Ontoereikend **0 tot 7 punte** | Reaksie soms in verhouding met die onderwerp, maar dis moeilik om ontoepaslike argumente te volg.<br>Swak poging om vraag te beantwoord.<br>Min toepaslike punte met geen verantwoording uit die teks.<br>Baie swak houvas op genre en teks. | Ontoereikend **0 - 2½ punte** | Moeilik om te bepaal of die onderwerp aangespreek word.<br>Geen bewyse van logiese beplanning nie.<br>Geen paragrawe en koherensie nie.<br>Swak taalgebruik. Verkeerde styl en toon. |

**8. SOORTE VRAE EN KOGNITIEWE VLAKKE**

ʼn Verskeidenheid vrae moet so opgestel word dat **al** die kognitiewe vlakke aandag geniet en wel soos in onderstaande tabel aangedui.

| | |
|---|---|
| Vlakke 1 en 2: | 40% van totale punte |
| Vlak 3 : | 40% van totale punte |
| Vlakke 4 en 5: | 20% van totale punte |

**LET WEL:** Verwys na Tabel 10 hieronder en Aanhangsel 1.

## Barrett se Taksonomie

| Vlak | Beskrywing | Vraagtipes |
|---|---|---|
| 1 | **Letterlik** (inligting in die teks) | Bv. Noem die ... ; Maak ʼn lys van ... ; Identifiseer die ... ; Beskryf ... ; Vertel ... . |
| 2 | **Herorganiseer** (analiseer, vat die ... saam of organiseer die inligting) | Bv. Maak ʼn opsomming van die hoofidees... ; Gee die verskille/ooreenkomste… . |
| 3 | **Afleiding** (interpreteer inligting na aanleiding van persoonlike ervaring.) | Bv. Verduidelik die hoofgedagte... ; Wat wil die skrywer bereik met/deur ... ; Wat dink jy sal ... . |
| 4 | **Evaluering** (beoordeel waardes, houdings en oortuigings) | Bv. Dink jy dat … ; Bespreek krities … . |
| 5 | **Waardering** (assesseer die invloed/impak van die teks) | Bv. Bespreek jou respons/reaksie … ; Lewer kommentaar oor die taalgebruik van die skrywer ... . |
| **Verwys na Aanhangsel 1** | | |

**Tabel 10**

# AANHANGSEL 1

## ASSESSERNG IN TALE

## [HT, EAT EN TAT]

## 1. KOGNITIEWE VLAKKE

Volgens **Barrett se Taksonomie vir Leesbegrip** is daar vyf kognitiewe vlakke**.** Hierdie vlakke is volgens toenemende moeilikheidsvlakke die volgende: Letterlik, Herorganiseer, Afleiding, Evalueer en Waardeer. **Bloom se Taksonom ie** onderskei die volgende vraagkategorieë : Kennis, Begrip, Toepassing, Analise, Sintese en Evalueer.

Alhoewel die ooreenkomste tussen die twee taksonomië duidelik is, verkies ek die gebruik van **Barrett se Taksonomie**.

## 2. SOORT VRAE

### 2.1. Letterlik:

Kontekstuele vrae, wat verband hou met uittreksels uit die voorgeskrewe literêre tekste waartydens taalvaardigheid en die mate waarin die vaardighede wat die assesseringstandaarde vereis, geassesseer word. Die moelikhedsgraad van die vrae hang af van die vlak wat aangebied word (HT, EAT en TAT).

- Noem die dinge/mense/plekke/elemente …
- Gee die feite/redes/idees/punte…
- Identifiseer die redes/persone/oorsake …
- Maak ’n lys van die punte/feite/name/redes …
- Beskryf die plek/persoon/karakter …
- Bring die gebeurtenis/episode/ervaring in verband met …

### 2.1.2 Herorganisasie:

Vrae wat analise, sintese of ordening van inligting verg wat eksplisiet in die leesstuk genoem word:

- Som die hoofgedagtes/idees/oorsake/gevolge/voordele/nadele van ...
- Groepeer die gemeenskaplike elemente/faktore ...
- Gee ’n skema van
- Ensovoorts
- 

### 1.3 Afleiding:

Vrae wat die kandidaat se interaksie met die inligting wat eksplisiet in die leesstuk gegee word, vereis in terme van sy/haar persoonlike ervaring.

- Verduidelik die hoofgedagte …
- Vergelyk die gedagtes/houdings/aksies …
- Wat is die skrywer/karakter se beweegrede/houding motivering/rede …

- Verduidelik die oorsaak en gevolg van …
- Wat verklap 'n aksie/aanmerking/houding ens. van 'n verteller/skrywer/karakter
- Hoe affekteer die metafoor/vergelyking/beeld jou begrip van …
- Wat, dink jy, sal die uitkoms/gevolg wees van hierdie situasie/aksie ..
- Waar/Onwaar vrae
- Meervoudige keuse vrae
- Kies die korrekte antwoord
- Vul die ontbrekende woorde in (gebruik kontekstuele leidrade)
- Vrae oor visuele/grafiese geletterdheid.
- Ensovoorts

**2.1.4 Evaluering:**

Hierdie vrae behels waardeoordele wat verband hou met waarde en waardering. Dit sluit oordele betreffende werklikheid, geloofwaardigheid, feite, opinies, logika en redenering in sowel as kwessies soos die aanvaarbaarheid of wenslikheid van besluite en aksies in terme van morele waardes.

- Dink jy dit wat hier gebeur, is geloofwaardig/realisties/moontlik…
- Is die skrywer se argument geldig/logies …
- Bespreek/lewer kritiese kommentaar op die aksie/intensie/beweegrede/houding/voorstel/implikasie
- Stem jy saam met die siening/stelling/waarneming/interpretasie dat..?
- Volgens jou, is dit regverdig van die skrywer/verteller/karakter om voor te stel dat ? (Gee rededs vir jou antwoord/Motiveer jou respons).
- Is die karakter se houding/gedrag/aksies regverdigbaar/ aanvaarbaar? Gee redes vir jou antwoord.
- Wat sê die karakter se aksies/houding omtrent hom/haar teen die agtergrond van universele waardes?
- Bespreek krities/Lewer kommentaar op die waardeoordele wat in die teks gemaak word.
- Ensovoorts

**2.1.5 Waardering:**

Hierdie vrae wil die psigologiese en estetiese impak van die leesstuk op die kandidaat assesseer. Hulle fokus op emosionele respons op die inhoud, die identifisering met karakters/gebeure en die reaksies op die skrywer se taalgebruik (bv. woordkeuse en beeldgebruik). f

- Bespreek jou respons op die teks/insident/situasie/ konflik/dilemma …
- Het jy simpatie met die karakter? Wat sou jy doen/besluit as jy in dieselfde situasie as die karakter was?
- Bespreek /Lewer kommentaar op die skrywer se taalgebruik.
- Bespreek die doeltreffendheid van die skrywer se styl/inleiding/slot/beeldgebruik/metafore/gebruik van poëtiese tegnieke/literêre tegnieke …
- Ensovoorts

**2.2 Die Literêre Opstel**

'n Opstel-vraag vereis 'n uitgerekte skryfstuk met 'n beperkte lengte oor 'n gegewe onderwerp, stelling, standpunt of tema.

- Die literêre opstel vereis dat 'n kandidaat kommentaar/'n stelling/'n standpunt krities bespreek/bespreek oor 'n spesifieke teks. Die opstel moet argumenterend of beredeneerd wees en behels die kandidaat se persoonlike respons op en interaksie met die teks.

Kopiereg voorbehou